



Om Suid-Afrika se mededingende posisie op die wêreldwye vrugte- en wynuitvoermarkte te behou, moet die bedryf 'n verenigde reaksie ten opsigte van klimaatverandering toon – ingelig deur grondige wetenskap en gebaseer op plaaslike inligting.



'n Webgebaseerde inligtingsportaal vir klimaatverandering en landbouvragestukke wat verband hou met die vrugte- en wynuitvoerbedryf, insluitend 'n aanlyn-koolstofvoetspoorberekeningswerktuig.

Inleiding:

Daar word voorspel dat klimaatverandering 'n direkte impak op Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse temperatuur en reënvalverspreiding sal hê en gevolglik plaag- en siekteverspreiding, die blom- en vrugdraseisoen, asook grondwaterhulpbronne sal beïnvloed. Klimaatverandering het ook 'n indirekte impak vanweë toenemende bewuswording onder verbruikers en die ooreenkomstige aandrag op koolstof-doeltreffende sakeprosesse. Die landbousektor is 'n groot bron van kweekhuisgasse (KHG's) as gevolg van bedrywighede soos grondgebruiksverandering, landbouchemiese toedoening en fossielbrandstofgebruik. Deur middel van konserwatiewe energietechnologieë en volhoubare boerderypraktyke bestaan daar groot vrystellingvermindingsgeleenthede wat doeltreffendheid kan verbeter en koste deur die hele verskaffingsketting kan verminder.

Doelwitte van die projek: (sien www.winetech.co.za)

- Om klimaatveranderingsvraagstukke, -geleenthede en -bedreigings op landbougebied op die voorgrond te plaas en bekend te maak
- Om binne die vrugte- en wynsektor 'n bedryfsstandaard vir KHG-ouditering te skep en om 'n gestandaardiseerde meting, verslagdoening en vergelyking van individuele plaasvrystellings wat vrystellingvermindingsgeleenthede op die voorgrond te plaas.
- Om ingeligte en gesaghebbende kommentaar, debatvoering en onderhandeling deur belanghebbendes en beleidsmakers moontlik te maak.
- Om leiding te gee aangaande kort- en langtermynstrategieformulering deur besluitnemers dwarsdeur die bedryf.



Hoe om betrokke te raak:

Die sukses van hierdie projek hang af van die aktiewe betrokkenheid van die bedryf. Moenie huiwer om met die projekspan of u bedryfsvertegenwoordiger te skakel nie.

Projekkoördineerder: Hugh Campbell

Tel.: 021 882 8470, e-pos: hugh@dfptresearch.co.za

Projekbestuurder: Shelly Fuller Tel.: 021 465 6923,

e-pos: shelly@genesis-analytics.com

Wynbedryf verteenwoordiger: Jacques Rossouw

Tel.: 021 809 7570, e-pos: jrossouw@distell.co.za

Uitkomst van die projek:



Hierdie Industriële projek is 'n gesamentlike inisiatief geborg deur die plaaslike vrugte en wyn industrie, regering (NAMC& PHI) asook geborge finansiering (ComMark Trust).